

Sing vooraf staande: Psalm 2:4, 6 (p. 6)

- 4 En Ek, die Vors, so hoog in mag en eer, / sal Gods besluit die wêreld oor laat klink:
"Ek self (sê God) het U gegeneer: / U is my Seun, uit wie my beelt'nis blink.
Spreek dan u eis, Ek skenk dit U gewis. / En dat u troon vir ewig vas mag bly,
gee Ek die volke tot u erfenis / en wêreldwydtes tot u heerskappy.
- 7 Kom, dien die HEER en wees in Hom verblyd / met blydskap wat Hom huldig as die HEER,
en kus die Seun in onderworpenheid, / buig jul voor Hom met vrees en bewing neer.
Want ligt'lik kan Gods gramskap jul verteer / net soos 'n vuur, eers alte klein geag.
Welsalig wie Hom huldig as hul HEER, / wie by Hom skuil en op sy bystand wag.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 47:1, 3 (p 240)

- 1 Juig, o volke, juig! Handklap en betuig / voor die HEER jul vreug! Wees in God verheug!
Sing Hom lof en prys op verhewe wys, / want bo al wat leef en voor Hom moet beef,
sal sy septer wink en sy glorie blink – / Allerhoogste in eer, groot is God die HEER!
- 1 God vaar voor die oog met gejuig omhoog; / die trompette blink, die basuine klink:
met 'n groot geskal styg bo berg en dal / God se glorie uit. Laat nou die geluid
van jul psalme hoor: laat 'n jubelkoor / Hom, die Vors en Heer van die aarde, eer!

Geloofsbelydenis: Nicea

Gebed

Skrifberyming 5-3:1, 2 (8:1, 2)

- 1 Aan U, o Lam van God, 'n nuwe lofgesang! / Want U is waardig om die wonderboek te ontvang
en oop te breek – die boek van toekoms en verlede / en van wat word, geskryf van Gods verborgenhede.
U's waardig, U alleen, omdat die werk volbrag is, / toe U as offer vir ons sondeskuld geslag is.
- 2 U 't van die hemel hoog op aarde neer wou daal, / en ons vir God gekoop uit alle volk en taal.
Die losprys was u bloed, wat U vir ons gestort het, / waardeur ons, rein gewas, 'n priestervolk geword het
en konings in die ryk van onverstoorb're vrede, / om God te dien en eer in eind'lose ewighede.

Skriflesing: Lukas 24:36-53

Kernverse: Lukas 24:52

En hulle het Hom aanbid en na Jerusalem teruggegaan met groot blydskap.
(Lukas 24:52 AFR 1953)

Tema: Hemelvaart: Die groot blydskap vir Christus se volgelinge

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die hemelvaart van ons Here Jesus Christus behoort vir al God se kinders eintlik 'n fees te wees. Maar hoe kan dit wees, kan iemand vra. Dit is tog 'n dag van afskeid en verwydering vir wie weet hoe lank. En afskeid en verwydering van jou geliefdes kan tog nie fees beteken nie. Aankoms en bymekaar wees is eerder rede vir feesvier, beslis nie afskeid en verwydering nie.

Hierdie gesindheid word ook in ons kerklike jaar opgemerk. Op Kersdag vier ons fees. Ons verdring mekaar behoorlik om met ons geloofsoë die Kindjie in die krip te sien lê. Maar met hemelvaart is

daar maar enkeles wat wil sien en hoor. Selfs die wêreldse mense laat hierdie dag ongesiens verbygaan – miskien omdat hulle nog nooit geld kon maak uit die troonbestyging van ons Koning Jesus nie. Dit is wat hierdie dag inderwaarheid is. Ons Verlosser het met sy hemelvaart die troon bestyg aan die regterhand van God sy Vader. Juis daarom is hierdie dag vir Christus se volgelinge 'n dag van fees en vreugde. Hemelvaart is die groot blydschap.

In die nag voor sy diepste vernedering op Golgota het Jesus vir die eerste maal aan sy dissipels bekend gemaak dat Hy van hulle af sal weggaan. In die Here se woorde van daardie nag kan ons so te sê die droefheid op die gesigte van die elf lees. Want Hy sê vir hulle:

As julle My liefgehad het, sou julle bly gewees het dat Ek na die Vader toe gaan, omdat die Vader groter as Ek is. (Johannes 14:28 AFR 1983)

Later in daardie nag het Jesus in soveel woorde gesê dat die dissipels bedroef is oor sy weggaan van hulle af.

Ons kan ons maar net voorstel wat in die elf se gemoed gemaak het toe hulle hierdie dinge van hulle Here gehoor het. Hulle het sekerlik by hulleself gedink: Wat sal ons tog sonder die Christus wees, 'n eenvoudige klomp mannetjies op wie die Jode jag sal maak? Ja, geliefdes, wat sou ons sonder Christus gewees het? Vir die wêreld sou ons beslis soos mense gewees het wat in iets glo wat deur mense uitgedink is – mense wat in 'n God glo wat nie gesien kan word, in 'n God wat sy eie Seun vir ons sondes prysgegee het, en dan nog daarby sê dat Hy uit die dood opgestaan en na die hemel opgevaar het. Vir die “wyses” van hierdie wêreld is dit 'n dwase gekheid, storiewêrelde waarin ons leef.

Tog het Jesus ook in die nag voor sy sterwe aan die kruis hierdie belofte aan die dissipels gemaak:

Julle sal bedroef word, maar julle droefheid sal in blydschap verander. (Johannes 16:20 AFR 1983) En hulle het bedroef geword. Jesus is daardie volgende dag deur die Jode en die heidene gekruisig. En Hy het gesterf en is begrawe. Hartseer en verskrik het hulle bymekaar gebly. Toegesluit agter deure uit vrees vir die Jode. So vasgevang in hulle droefheid dat hulle skepties was oor die berig dat Hy uit die dood opgestaan het. Hulle wou dit eers nie glo nie totdat Jesus self aan hulle verskyn het. En selfs toe Hy aan hulle verskyn het, het hulle nie geglo dat dit Hy is nie totdat hulle sy hande en voete gesien het. Maar ook dit was nie genoeg nie. Hy moes nog eers eet sodat hulle oortuig kon wees dit is nie 'n gees nie. Maar dit was eers nadat Hy die Woord aan hulle uitgelê het dat hulle verstand regtig bevry is om te verstaan. En Hy het in die loop van veertig dae met hulle oor die koninkryk van God gepraat.

Toe breek die laaste dag aan. Jesus het sy elf dissipels uit die stad uitgelei tot sover as Betanië. Die laaste wat hulle van Hom hoor, is seënende woorde. Die laaste wat hulle van Hom sien, is sy uitgestrekte seënende hande. Hy sê geen laaste afskeidswoorde soos Jakob op sy sterfbed vir elkeen nie. Johannes kry nie 'n ekstra stewige handdruk nie, Petrus geen ekstra klop op die skouer nie, Tomas geen ekstra aanmoediging nie. Niks hiervan nie behalwe sy seën. En **terwyl Hy hulle nog seën, het Hy van hulle af weg-gegaan en Hy is in die hemel opgeneem** (Lukas 24:51 AFR 1983).

Dan verwag 'n mens weer 'n keer ontnugtering. Hulle sal teruggaan Jerusalem toe. Op die pad sal hulle vlak by die tuin van Getsemane verby loop en aan die oorkant, noord van die stad, sal hulle die heuwel Golgota sien. Hulle sal die tempelgeboue sien waar diegene is wat hulle profete doodgemaak het, en waar hulle elf ook nog gevange geneem sal word. En verder oor die wydte en die breedte sien hulle 'n wêreld in die see van ellende.

Maar geliefdes, ons lees niks van enige ontnugtering by die dissipels nie. Intendeel, hulle het met groot blydschap teruggegaan na Jerusalem toe. Waarom hierdie groot blydschap? Het hulle hulleself

maar net wysgemaak dat hulle nou bly moes wees omdat Jesus 'n bietjie meer as 'n maand gelede vir hulle gesê het dat hulle bly sal wees? Nee, hierdie manne het beslis nie in 'n illusie verkeer nie. Hulle het iets gesien en Lukas verkondig dit aan ons. Hulle het die opvarende Jesus aanbid. Hy is waaragtig God en Hy het opgevaar na waar Hy vroeër was – na die heerlijkheid by sy Vader in die hemel.

Maar Hy het nie net as waaragtige God opgevaar nie. Hy het ook as waaragtige mens opgevaar, want die dissipels het Jesus Christus sien opvaar. En vir hulle het dit groot vreugde meegebring. Die breuk wat in die paradys tussen God en die mens ontstaan het as gevolg van die mens se sonde is nou geheel en al oorbrug. Waar die mens vroeër nie in die blote teenwoordigheid van God kon verkeer en bly lewe nie, is deur Jesus Christus herstel. Deur sy bloedstorting heen het Hy die weg gelê om weer in die teenwoordigheid van die almagtige God te kom.

Maar, meer as dit nog, sy teenwoordigheid as waaragtige mens in die hemel, in die troonsaal van God wat net die woonplek van die Drie-enige God en sy engele is, is vir die dissipels en vir ons die versekering dat ook ons menslike liggame in die teenwoordigheid van God almagtig sal kom. Daar bestaan werklikwaar nou nie meer 'n skeiding tussen God en ons nie. Die breuk is herstel en die brug is gebou. Daarom het hulle met groot blydschap teruggegaan na Jerusalem toe.

Ja, hulle keer terug na Jerusalem waar vervolging en dood op hulle wag. Hulle gaan terug in 'n wêreld in wat gevalle en vervalte lê in 'n see van ellende. Hulle het ook 'n harde werklikheid beleef waarin dit soms wil voorkom of die saligheid waarvan Jesus gepreek het maar net 'n illusie is. Ons beleef vandag nie 'n veel anderste wêreld in hierdie opsig nie. Dit wil soms ook vir ons voorkom of daar nie so iets soos ewigdurende saligheid kan wees nie. Elke dag lyk dit of die geweld hand oor hand toeneem. Mense word op hulle plase vermoor vir 'n paar rand. 'n Onskuldige kind wat op pad is skool toe word noodlottig getref deur 'n koeël uit 'n bendeleier se geweer. Nalatigheid van 'n motorbestuurder eis die lewens van 'n hele gesin. In sommige gemeenskappe lyk dit of armoede en siekte geen perke het nie.

Dit is egter nie net op menslike vlak waar hierdie see van ellende ons vol in die gesig tref nie. Ook in die verhouding tussen God en mens kom die ellende soos 'n sewekopmonster na vore. Mense wil nie meer die vermanings van die Here hoor nie, want dit klink so hard en wreed. Andere gooi weer alle eerbied vir God oorboord om agter die begeertes van hulle eie harte aan te gaan. Teoloë en professore basuin dit op openbare verhoë uit dat die voorskrifte in die Bybel nie meer as beginsels vir die moderne mens kan geld nie. Die mens van vandag is volwasse genoeg om self uit ondervinding te leer wat reg en verkeerd is. Hierdie geleerdes wil die leer van die kerk soos die Heilige Gees haar lei na 'n vervelige relaas laat klink van moets en moenies.

Plek-plek gaan dit so erg dat gelowiges verbied word om Jesus Christus te verkondig. En dit is alles nie nuwe dinge nie. Die dissipels het dit in hulle dae ook beleef. Die Joodse Raad het vir Johannes en Petrus in die tronk gegooi net om te keer dat Jesus se Naam verkondig sou word.

En tog hoor ons die Heilige Gees sê:

Hulle het met groot blydschap na Jerusalem toe teruggegaan (Lukas 24:52 AFR 1983).

Groot blydschap, want die Jesus Christus wat hulle met sy deurboorde hande geseën het, het opgevaar na die hemel. En daar, weet hulle, regeer God. Daar kom al die drade van die skepping saam.

En Christus Jesus ons Here is nou daar in die hemel, in die troonsaal aan die regterhand van God die almagtige Vader. Die dissipels het geweet hulle lewenslot en die lot van die hele skepping is in daardie deurboorde hande wat hulle geseën het. Hulle eerste Broer, Hy wat hulle vlees en bloed

aangeneem het, Hy wat sy lewe vir hulle afgelê het, hou die leisels van die wêreld en die hele skepping in sy hande vas.

Geliefdes, ook daarom is die hemelvaart van ons Here Jesus Christus 'n dag vir feesviering. Dit is nie 'n blinde noodlot wat al die dinge laat gebeur waarvan ons in die meeste gevalle nie kop of stert kan uitmaak nie. Dit is ook nie 'n ystervuis in die hoogste hemele wat hierdie dinge deur die wêreld laat stoomroller nie. Die drade van alles wat gebeur en bestaan, word stewig vasgehou en gerig deur die hande wat met spykers aan 'n houtkruis deurboor is. Dit is daardie selfde hande wat die dissipels geseën het.

Hierdie seën van hulle Verlosser was nie maar net 'n gewoontegebaar van 'n Jood nie. Dit was nie maar net 'n uitgediende alledaagse handeling wat op verskillende tye van die dag op 'n bepaalde plek deur spesifieke persone moes plaasvind nie. Nee, by die Here kry dit wat alledaags gebeur 'n ongekende glans en 'n wêreldomvattende betekenis.

Jesus Christus is nie uit die geslag van Levi nie. Hy is nie uit menslike geslagte 'n bevoegde priester om die seën uit te spreek nie. Hy doen dit ook nie op die bestemde plek, naamlik by die tempel nie. Hy doen dit ook nie soos die priesters wat nadat hulle die offer in die tempel gebring het, uitkom en die volk seën en dan van die volk af weggaan nie. Ja, Jesus gaan van sy dissipels af weg, nie nadat Hy hulle geseën het nie, maar terwyl Hy hulle seën. En Hy seën hulle met sy deurboorde hande. In hierdie hande sien sy dissipels en ons dat Hy nie 'n offer van 'n dier of wierook gebring het nie, maar dat Hy Homself geoffer het.

Sy seën is nie maar net 'n toewensing – mag God julle verder naby wees – nie. As Jesus seënd opvaar, weet die dissipels dat God reeds sy offer aan die kruis aanvaar het en dat Hy met sy deurboorde hande in sy seën hulle meedeel wat Hy vir hulle verwerf het – sondevergifnis en ewige kindskap van God. Wat die priesters male sonder tal gesê het op God se bevel, word nou vervul en dit is nou 'n werklikheid.

Die Here sal julle seën en julle beskerm; die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees; die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee.

(Numeri 6:24-26 AFR 1983)

Hierdie seën was nie net vir daardie elf manne bedoel nie, maar vir al God se kinders, ook vir jou en vir my. Jesus Christus, ons enigste Hoëpriester, seën ons met sy nabyheid deur sy Gees en Woord. Daarom oorspan die seën van die opvarende Jesus alle tye en omvat dit die hele wêreld. Daarom kan ons ook deur die geloof die verwerfde gawes wat die Heilige Gees ons gee in ontvangs neem. Ons is kinders van God tot in alle ewigheid. Daarom die groot blydschap.

Maar geliefdes, Lukas hou nie daar op nie. Die dissipels was nie maar net 'n vrolike klomp wat al laggende en juigende teruggegaan het Jerusalem toe nie. Hy sluit die vertelling af met hierdie woorde:

Daar het hulle die hele tyd by die tempel gebly en God geprys.

(Lukas 24:53 AFR 1983)

'n Mens sal wil vra: Nou maar wat gaan soek hulle by die tempel? Die dae van die tempel is tog verby. Jesus het dan self kort voor sy kruisiging uit die tempel uitgestap en nooit weer daar ingegaan nie. Trouens, Hy het self gesê dat die tempel tot op die grond afgebreek sou word. Het die elf dan nou teruggeval in die ou gebruike in?

Nee, beslis nie! Die tempel is juis die huis van God vir baie Jode nog – Jode wat nog nie die groot blydschap van die blye evangelie van Jesus Christus aan hulle hart gevoel het nie. Jode wat nog

vasgevang is in die ou gebruike van offerdiere bring en wetsonderhouding. En dit is ter wille van daardie mense dat die elf teruggegaan het na die tempel. Ook daardie volksgenote moet die groot blydskap van Jesus Christus se troonbestyging hoor. Ook hulle moet weet dat Hy op hulle hele lewe beslag lê. En hulle moet hoor dat Hy die troon bestyg het juis omdat Hy sy volk van hulle sondes en hulle wettiese godsdienstige reëls verlos het. En die elf laat hierdie boodskap hoor deur God Drie-enig voortdurend in die tempel te prys.

Geliefdes, ons het nie 'n tempel waarheen ons kan gaan om God te prys nie. Maar Jesus Christus, ons Koning aan die regterhand van ons hemelse Vader, stuur ons vandag met sy seën die wêreld in. Die wêreld wat vasgevang is in sy ellende moet hoor dat Jesus Christus alleen seggenskap oor alles het. Hy het alle mag in die hemel en op die aarde. Hy hou die leisels van alles wat gebeur en bestaan in sy deurboorde hande vas. Hy is die enigste weg tot die ewige lewe saam met God. Net deur sy bloedstorting en die geloof in Hom heen kan ons deel kry aan die gawes wat Hy vir ons verwerf het. Is dit nie genoeg rede om met groot blydskap die wêreld in te gaan nie?

Amen!

Gebed

Skrifberyming 6-1:1, 2, 6 (11:1, 2, 6)

- 1 Die laagte deur waar die olywe staan, / het hul met Jesus na die berg gegaan;
En dáár het Hy, in stilte ongestoord, / tot hul gespreek sy laaste lewenswoord:
- 2 “Jul wat só na die Godsryk al verlang, / sal nou die kragte van die Gees ontvang,
En oor die wydtes dan van land en see / uit nuwe krag van My getuig'nis gee.”
- 6 En van die berg waar die olywe staan, het hul met blydskap na die stad gegaan.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
Hemelvaart: 17 Mei 2012